



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE

(AERP 34)

**Uitgegee deur die
Raad op Rekeningkundige Standaarde
Maart 2017**



Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) oor *Afsonderlike Finansiële State* berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) 34 oor *Separate Financial Statements* uit die *Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements* van die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB), wat deur die International Federation of Accountants (IFAC) gepubliseer is, en dit word met die toestemming van die IFAC gebruik word..

Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements © **deur** die International Federation of Accountants (IFAC). Alle regte voorbehou.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is, en afskrifte kan verkry word van:

International Federation of Accountants

529 Fifth Avenue, 6th Floor

New York, New York 10017, USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2017 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie. **Die goedgekeurde teks is in Engels gepubliseer.**

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

INHOUDSOPGAWE

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Afsonderlike Finansiële State

	Paragraawe
Oogmerk	.01
Omvang	.02 – .03
Woordomskrywings	.04 – .08
Opstel van afsonderlike finansiële state	.09 – .16
Openbaarmaking	.17 – .21
Oorgangsbepalings	.22
Datum van inwerkingtrede	.23
Terugtrek van die Standaard van AERP oor <i>Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State en Belange in Gesamentlike Ondernemings</i>	.24
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Separate Financial Statements</i> (January 2015)	

Afsonderlike Finansiële State

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP)

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale, provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarskapsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board* goedgekeur vir:

- (a) openbare entiteite wat voldoen aan die kriteria in Lasgewing 12 oor *Die Kies van 'n Toepaslike Verslagdoeningsraamwerk deur Openbare Entiteite*; en
- (b) entiteite onder die eienaarskapsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Afsonderlike Finansiële State* word in paragraaf .01 tot .24 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die

status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellings daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolkings van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige direktiewe wat deur die Raad uitgegee word en oorgangsbepalings voorskryf, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is betreffende die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf 11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleid, Veranderings in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide in die afwesigheid van uitdruklike leiding.

Oogmerk

- .01 Die oogmerk van hierdie Standaard is om die rekeningkundige en openbaarmakingsvereistes vir beleggings in beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes voor te skryf indien 'n entiteit afsonderlike finansiële state opstel.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van beleggings in beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes toepas indien hy die keuse uitoefen, of wetgewing of ander middele dit van hom vereis, om afsonderlike finansiële state aan te bied.*
- .03 Hierdie Standaard gee nie 'n mandaat oor watter entiteite afsonderlike finansiële state produseer nie. Dit is van toepassing indien 'n entiteit afsonderlike finansiële state opstel wat aan Standaarde van AERP voldoen.

Woordomskrywings

- .04 *Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenisse in hierdie Standaard gebruik:*

Gekonsolideerde finansiële state is die finansiële state van 'n ekonomiese entiteit waarin die bates, laste, netto bates, inkomste, uitgawes en kontantvloei van die beherende entiteit en sy beheerde entiteite as dié van 'n enkele ekonomiese entiteit aangebied word.

'n **Ekwiteitsmetode** is 'n metode van rekeningkunde waardeur die belegging aanvanklik teen kosprys erken word en daarna vir die naverkrygingsverandering in die belegger se deel van netto bates van die beleggingnemer aangesuiwer word. Die belegger se surplus of tekort sluit sy deel in van die beleggingnemer se surplus of tekort, en die belegger se netto bates sluit sy deel in van veranderinge in die beleggingnemer se netto bates wat nie in die beleggingnemer se oorskot of tekort erken is nie.

'n **Beleggersentiteit** is 'n entiteit wat:

- (a) *fondse van een of meer beleggers verkry met die doel om daardie*

- belegger(s) van beleggingsbestuursdienste te voorsien;*
- (b) die doel het om fondse uitsluitlik vir opbrengste op kapitaalappresiasie, beleggingsinkomste of albei te belê; en**
- (c) meet en evalueer die prestasie van wesenlik al sy beleggings op 'n billikewaardegrondslag.**

Afsonderlike finansiële state is dié wat deur 'n entiteit aangebied word waarin die entiteit kan kies, behoudens die vereistes in hierdie Standaard, om sy beleggings in beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes hetsy teen kosprys, ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente (AERP 104) of met gebruik van die ekwiteitsmetode soos beskryf in die Standaard van AERP oor Beleggings in Geassosieerdes en Gesamentlike Ondernemings (AERP 36), in rekening te bring.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie Standaarde van AERP.

- .05 Afsonderlike finansiële state is dié wat aangebied word benewens die gekonsolideerde finansiële state, of bykomend by die finansiële state van 'n belegger wat nie beheerde entiteite het nie maar wel beleggings in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings het en waar daar deur AERP 36 vereis word dat die beleggings in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings met gebruik van die ekwiteitsmetode in rekening gebring moet word, uitgesonderd in die omstandighede wat in paragraaf .07 tot .08 uiteengesit word.
- .06 Die finansiële state van 'n entiteit wat nie 'n beheerde entiteit, 'n geassosieerde of 'n gesamentlikeondernemersbelang in 'n gesamentlike onderneming het nie, is nie afsonderlike finansiële state nie.
- .07 'n Entiteite wat ooreenkomstig paragraaf .05 van die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* vrygestel is van konsolidasie of ooreenkomstig paragraaf .21 van AERP 36 vrygestel is van die toepassing van die ekwiteitsmetode mag afsonderlike finansiële state as hul enigste finansiële state aanbied.
- .08 'n Beleggingsentiteit waarvan daar vereis word om, regdeur die huidige tydperk en vergelykende tydperke wat aangebied word, sy belegging in al sy beheerde entiteite teen billike waarde ooreenkomstig paragraaf .57 van AERP 35 te meet, bied afsonderlike finansiële state as sy enigste finansiële state aan.

Opstel van afsonderlike finansiële state

- .09 Afsonderlike finansiële state moet ooreenkomstig alle toepaslike Standaarde van AERP opgestel word, behalwe soos in paragraaf .10 voorsien word.**
- .10 Indien 'n entiteit afsonderlike finansiële state opstel, moet hy soortgelyke beleggings in beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes in rekening bring, hetsy**
- (a) teen kosprys;**
 - (b) ooreenkomstig AERP 104; of**
 - (c) met gebruik van die ekwiteitsmetode soos in AERP 36 beskryf.**
- .11 Indien 'n entiteit, ooreenkomstig paragraaf .22 van AERP 36, verkies om sy beleggings in geassosieerdes of gesamentlike ondernemings teen billike waarde ooreenkomstig AERP 104 te meet, moet hy ook daardie beleggings op dieselfde wyse in sy afsonderlike finansiële state in rekening bring.**
- .12 Indien daar van 'n beherende entiteit verwag word om, ooreenkomstig paragraaf .57 van AERP 35, sy belegging in 'n beheerde entiteit teen billike waarde ooreenkomstig AERP 104 te meet, moet hy ook daardie belegging op dieselfde wyse in sy afsonderlike finansiële state in rekening bring. 'n Beherende entiteit wat nie self 'n beleggingsentiteit is nie, moet sy belegging in 'n beheerde beleggingsentiteit ooreenkomstig paragraaf .10 in sy afsonderlike finansiële state meet.**
- .13 Indien 'n beherende entiteit ophou om 'n beleggingsentiteit te wees, of 'n beleggingsentiteit word, moet hy die verandering vanaf die datum waarop die verandering in status voorgekom het, soos volg in rekening bring:**
- (a) Indien 'n entiteit ophou om 'n beleggingsentiteit te wees, moet die entiteit 'n belegging in 'n beheerde entiteit ooreenkomstig AERP 104 in rekening bring. Die datum van die statusverandering is die geoordeelde verkrygingsdatum. Die billike waarde van die beheerde entiteit op die geoordeelde verkrygingsdatum verteenwoordig die oorgedraagde geoordeelde teenprestasië wanneer die belegging ooreenkomstig paragraaf .10 in rekening gebring word.**
 - (b) Indien 'n entiteit 'n beleggingsentiteit word, moet hy 'n belegging in 'n beheerde entiteite teen billike waarde ooreenkomstig AERP 104 in rekening**

bring. Die verskil tussen die vorige drabedrag van die beheerde entiteite en die billike waarde daarvan op die datum van die statusverandering van die belegger moet as 'n wins of verlies in surplus of tekort in rekening gebring word. Die kumulatiewe bedrag van enige wins of verlies wat voorheen regstreeks in netto bates ten opsigte van daardie beheerde entiteite erken is, moet behandel word asof die beleggingsentiteit daardie beheerde entiteite op die datum van statusverandering vervreem het.

.14 Dividende of soortgelyke uitkerings vanaf 'n beheerde entiteit, 'n gesamentlike onderneming of 'n geassosieerde word in die afsonderlike finansiële state van 'n entiteit erken wanneer die entiteit se reg om die dividend of soortgelyke uitkering te ontvang tot stand kom. Die dividend of soortgelyke uitkering word in surplus of tekort erken tensy die entiteit verkies om die ekwiteitsmetode te gebruik, in welke geval die dividend of soortgelyke uitkering erken word as 'n vermindering van die drabedrag van die belegging.

.15 Indien 'n beherende entiteit die struktuur van sy ekonomiese entiteit herorganiseer deur die totstandbrenging van 'n nuwe entiteit as sy beherende entiteit op 'n wyse wat aan die volgende kriteria voldoen:

- (a) die nuwe beherende entiteit verkry beheer van die oorspronklike beherende entiteit hetsy (i) deur die uitreiking van ekwiteitsinstrumente in ruil vir bestaande ekwiteitsinstrumente van die oorspronklike beherende entiteit of (ii) deur 'n ander meganisme wat tot gevolg het dat die nuwe beherende entiteit 'n beherende eienaarskapsbelang in die oorspronklike beherende entiteit het;*
- (b) die bates en laste van die nuwe ekonomiese entiteit en die oorspronklike ekonomiese entiteit is dieselfde onmiddellik voor en ná die herorganisering; en*
- (c) die eienaars van die oorspronklike beherende entiteit voor die herorganisering het dieselfde absolute en relatiewe belange in die netto bates van die oorspronklike ekonomiese entiteit en die nuwe ekonomiese entiteit onmiddellik voor en ná die herorganisering;*

en die nuwe beherende entiteit bring sy belegging in die oorspronklike beherende entiteit ooreenkomstig paragraaf .10(a) in sy afsonderlike finansiële state in rekening, moet die nuwe beherende entiteit koste meet teen die drabedrag van sy deel van die netto bate-items wat op die datum van die herorganisering in die afsonderlike finansiële state van die oorspronklike

beherende entiteit aangetoon is.

- .16 Net so kan 'n entiteit wat nie 'n beherende entiteit is nie 'n nuwe entiteit as sy beherende entiteit tot stand bring op 'n wyse wat aan die maatstawwe in paragraaf .15 voldoen. Die vereistes in paragraaf .15 geld eweneens ook vir sodanige herorganiserings. In sodanige gevalle is verwysings na "oorspronklike beherende entiteit" en "oorspronklike ekonomiese entiteit" na die "oorspronklike entiteit".

Openbaarmaking

- .17 'n Entiteit moet alle toepaslike Standaarde van AERP toepas wanneer hy openbaarmakings in sy afsonderlike finansiële state voorsien, met inbegrip van die vereistes in paragraaf .18 tot .21.***
- .18 Indien 'n beherende entiteit, ooreenkomstig paragraaf .05 van AERP 35, verkies om nie gekonsolideerde finansiële state op te stel nie en in plaas daarvan afsonderlike finansiële state opstel, moet hy die volgende in die afsonderlike finansiële state openbaar maak:***
- (a) Die feit dat die finansiële state afsonderlike finansiële state is; dat vrystelling van konsolidasie gebruik is; die naam van die entiteit wie se gekonsolideerde finansiële state wat aan die Standaarde van AERP voldoen vir openbare gebruik opgestel is; en die adres waar daardie gekonsolideerde finansiële state verkry kan word.***
 - (b) 'n Lys van beduidende beleggings in beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes, met inbegrip van:***
 - (i) Die name van daardie beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes.***
 - (ii) Die jurisdiksie waarbinne daardie beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes werk (indien dit van dié van die beherende entiteit verskil).***
 - (iii) Sy deel van die eienaarskapsbelang wat in daardie entiteite gehou word en 'n beskrywing van hoe daardie eienaarskapsbelang bepaal is.***
 - (c) 'n Beskrywing van die metode wat gevolg is om die beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes onder (b) in rekening te bring.***

- .19** *Indien 'n beleggingsentiteit wat 'n beherende entiteit is (behalwe 'n beherende entiteit wat deur paragraaf .18 gedek is), ooreenkomstig paragraaf .08, afsonderlike finansiële state as sy enigste finansiële state opstel, moet hy daardie feit openbaar maak. Die beleggingsentiteit moet ook die openbaarmakings met betrekking tot beleggingsentiteite aanbied wat deur die Standaard van AERP oor Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite (AERP 38) vereis word.*
- .20** *'n Beherende entiteit wat nie self 'n beleggingsentiteit is nie, moet, benewens die openbaarmaking ingevolge paragraaf .10 van sy keuse van rekeningkundige beleid vir die meting van sy belegging in die beleggingsentiteit in sy afsonderlike finansiële state, ook die openbaarmakings met betrekking tot beleggingsentiteite aanbied soos deur AERP 38 vereis word.*
- .21** *Indien 'n beherende entiteit (behalwe 'n beherende entiteit wat deur paragraaf .18 tot .20 gedek word) of 'n belegger met gesamentlike beheer van, of beduidende invloed oor, 'n beleggingnemer afsonderlike finansiële state opstel, moet die beherende entiteit of belegger die finansiële state identifiseer wat ooreenkomstig AERP 35 of AERP 36 opgestel is en waarop die afsonderlike finansiële state betrekking het. Die beherende entiteit of belegger moet ook die volgende in sy afsonderlike finansiële state openbaar maak:*
- (a) Die feit dat die state afsonderlike finansiële state is en die redes waarom daardie state opgestel word, indien dit nie vereis deur wetgewing of iets soortgelyks vereis word nie.*
 - (b) 'n Lys van beduidende beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes, met inbegrip van:*
 - (i) Die name van daardie beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes.*
 - (ii) Die jurisdiksie waarbinne daardie beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes werk (indien dit van dié van die beherende entiteit verskil).*
 - (iii) Sy deel van die eienaarskapsbelang wat in daardie entiteite gehou word en 'n beskrywing van hoe daardie eienaarskapsbelang bepaal is.*
 - (c) 'n Beskrywing van die metode wat gevolg is om die beheerde entiteite, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes onder (b) in rekening te*

bring.

Oorgangsbepalings

- .22 Die oorgangsbepalings wat toegepas sal word op entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard word in 'n direktef(direktiewe) voorgeskryf. Die bepalings van hierdie Standaard moet saam met elke toepaslike direktef ge lees word.*

Datum van inwerkingtrede

- .23 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële state wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Terugtrek van die Standaarde van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State en Belange in Gesamentlike Ondernemings

- .24 Hierdie Standaard vervang die vorige Standaarde van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Geassosieerdes en Belange in Gesamentlike Ondernemings wat in November 2005 uitgegee is.*

Grondslag vir gevolgtrekkings

Die grondslag vir gevolgtrekkings gee die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir aanvaarding of verwerping van sekere oplossings met betrekking tot die rekeningkundige verantwoording vir afsonderlike finansiële state. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel, maar is nie deel van, die Standaard van AERP oor Afsonderlike Finansiële State (AERP 34).

Agtergrond

- GG1. Die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) het gedurende 2014 vyf Geopenbaarde Konsepte uitgegee met die oogmerk om die International Public Sector Standards (IPSAS'e) oor *Consolidated and Separate Financial Statements* (IPSAS 6), *Investments in Associates* (IPSAS 7) en *Interests in Joint Ventures* (IPSAS 8) met die nuwe IFRS'e oor rekeningkundige verantwoording vir belange in ander entiteite te belyn. Hierdie IFRS'e is IFRS 10 *Consolidated Financial Statements*, IFRS 11 *Joint Arrangements*, IFRS 12 *Disclosure of Interests in Other Entities*, IAS 27 *Separate Financial Statements* en IAS 28 *Investments in Associates and Joint Ventures*.
- GG2. Aangesien die RRS hul Standaarde van AERP met die ekwivalente IPSAS'e belyn, het die Raad ooreengekom om 'n projek in hul werksprogram in te sluit om AERP 6, 7 en 8 met die vyf IPSAS'e te belyn. Hierdie Standaarde van AERP sal AERP6, 7 en 8 vervang, en is saam in Julie 2016 as geopenbaarde konsepte (GK 144 tot GK 148) uitgegee.
- GG3. Hierdie Grondslag vir Gevolgtrekkings som die Raad se oorwegings by die ontwikkeling van die Standaarde van AERP wat handel oor die rekeningkundige verantwoording van belange in ander entiteite op.

Beleggingsentiteite

- GG4. AERP 35 bepaal dat 'n beleggingsentiteit nie sy beheerde entiteite moet konsolideer nie maar in plaas daarvan 'n belegging in 'n beheerde entiteit teen billike waarde moet meet. Dit vereis verder dat 'n beheerende liggaam van 'n beleggingsentiteit wat nie self 'n beleggingsentiteit is nie, gekonsolideerde finansiële state moet aanbied waarin die beleggings van die beheerde beleggingsentiteit teen billike waarde ooreenkomstig AERP 104 gemeet word, en ander bates en laste asook inkomste en uitgawes gekonsolideer is.

- GG5.** Die IPSASB het dieselfde vereistes in International Public Sector Accounting Standard oor *Separate Financial Statements* (IPSAS 34) ingesluit by die voorskryf van die rekeningkundige verantwoordings vir beleggingsentiteite in 'n entiteit se afsonderlike finansiële state. Die bewoording in IPSAS 34 kan daartoe lei dat 'n entiteit tot die slotsom kom dat die bates, laste, inkomste en uitgawes in 'n entiteit se afsonderlike finansiële state gekonsolideer moet word, wat nie die bedoeling is nie.
- GG6.** Die Raad het oorweeg of hulle die gebruik van 'n enkele metingsgrondslag moet vereis, en in die besonder het hulle gedebatteer of billike waarde vir die meting van die belegging vereis moet word. Die raad het tot die slotsom gekom dat 'n beherende entiteit wat nie self 'n beleggingsentiteit is nie, sy belegging in 'n beheerde beleggingsentiteit hetsy (a) teen kosprys; (b) ooreenkomstig AERP 104; of (c) met gebruik van die ekwiteitsmetode soos beskryf in AERP 36 moet meet. Die Raad het tot die slotsom gekom dat 'n breër benadering aanvaar moet word om die belegging in die beleggingsentiteit in die beherende entiteit se afsonderlike finansiële state te meet. Om van die beherende entiteit te vereis om billike waarde toe te pas om sy belegging in die beleggingsentiteit te meet kan 'n uitdaging wees indien billike waardes nie beskikbaar is nie.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Separate Financial Statements* (Januarie 2015)

AERP 34 is hoofsaaklik aan IPSAS 34 ontleen. Die belangrikste verskille tussen AERP 34 en IPSAS 34 is soos volg:

- IPSAS 34 beskryf die restant van totale bates ná aftrekking van totale laste as “netto bates/ekwiteit”, terwyl hierdie Standaard na “netto bates” verwys.
- Die omskrywings vir “ekwiteitsmetode” en “beleggingsentiteit” is in hierdie Standaard ingesluit.
- Hierdie Standaard vereis dat 'n beherende entiteit wat nie self 'n beleggingsentiteit is nie, sy beleggings in 'n beheerde beleggingsentiteit hetsy teen kosprys, ooreenkomstig AERP 104, of met gebruik van die ekwiteitsmetode soos beskryf in AERP 36 moet meet. IPSAS 34 vereis dat die beherende entiteit sy beleggings in 'n beheerde entiteit ooreenkomstig IPSAS 35 oor *Gekonsolideerde Finansiële State* in rekening bring.
- Oorgangsbepalings by hierdie Standaard van AERP word anders as in IPSAS 34 behandel.